# Beleidstandpunte
# Ekonomiese Volhoubaarheid

**Mentorskappe**

- Die daarstel van ondersteuningsdienste vir boere (alle kategorieë) in watter vorm ook al bly die verantwoordelikheid van die regering.
- TLU SA is van oortuiging dat sy lede 'n vrywillige keuse daartoe kan maak om wel as 'n mentor op te tree indien die regering sodanige boer teen vergoeding sal inkontrakteer.
- Dit bly die boer se keuse om sodanige mentorskap te aanvaar al dan nie. Die spelreëls waarteen sodanige mentorskap gedoen word moet net behoorlik vooraf bepaal word en moet boere wat wel hul hierin begewe waak daarteen dat die verantwoordelikheidsplasing korrek sal geskied.
- Daar behoort nie gediskrimineer te word teen boere wat om welke rede ook al, nie by mentorskap-programme betrokke kan wees nie.

**Kleinboer vestiging**

- TLU SA besef dat die gebruik gevestig is in Suid-Afrika waar 'n bestaansboerdery benadering as deel van die sisteem beskou word.
- Die probleem is dat dit in baie gevalle nie ekonomies volhoubaar is nie en dat die gebruik in 'n groot mate 'n verdere las op Suid-Afrika plaas.
- Indien hierdie konsep moet voortgaan sal daar ernstig gekyk moet word dat dit ekonomies volhoubaar moet wees.
- Om produktiewe grond wat bydrae tot voedselsekerheid daarvoor aan te wend is 'n onverantwoordelike benadering en sal die gevolge vir Suid-Afrika op die lang duur negatief wees.
- Die regering behoort hulle beleid en vestiging van klein boere te toets teen volhoubaarheid en moet die nodige aanpassings gedoen te word ten einde te verseker dat dit nie 'n las veroorsaak vir die land nie.
- Alles in ag genome, bly TLU SA steeds oortuig dat voedselsekerheid deur die kommersiële boere gewaarborg word en nie deur die bestaans- of in baie gevalle die opkomende boere nie, totdat hulle hulself opgewerk het tot kommersiële status.

**Landbou se rol in die ekonomie**

- Die benadering om landbou se rol in die ekonomie te meet aan die bydrae wat gemaak word tot die BBP is tegnies korrek. Aspekte wat egter ook in ag geneem moet word indien die rol van landbou in die ekonomie verreken word is:
  - Die strategiese waarde wat voedselsekuriteit vir 'n land teweeg bring;
  - Die rimpeleffek deur die res van die ekonomie indien primêre kommersiële landbou tot stilstand kom of selfs net 'n redelike insinking beleef kan moeilik bereken word.
  - Die rol wat gespeel word om die landelike gebiede te stabiliseer;
  - Die instandhouding van die plattelandse besighede a.g.v. landbou se ekonomiese inspuiting;
  - Werksgeleenthede wat geskep word;
  - Die invloed op alle insetverskaffers indien hul produkte nie meer aangekoop word nie.
- Die owerheid se taak is om 'n klimaat te skep waarin die ekonomie kan gedy. Enige verantwoordelike regering sal die waarde en belangrikheid van landbou in die totale ekonomie besef en seker maak dat die speelveld sodanig gelyk gemaak word dat kommersiële landbou oor ekonomiese redes in stand gehou sal word.

**Ekonomiese Volhoubaarheid van landbou**

- Talle nuwe wette en regulasies het 'n uiters negatiewe uitwerking op die landbousektor. In die meerderheid van gevalle, was hierdie nuwe maatreëls eensydig geïmplementeer sonder dat die landbousektor sinvolle insette kon lewer.
- Landbouers is prysnemers en elke addisionele koste wat produksie beïnvloed, is in werklikheid vir die produsent se eie rekening aangesien dit nie deur die prysstruktuur geabsorbeer kan word nie.